

Ngwathe: Begroting onder dwang aangepas, prakseer nuwe regrukplanne

Nadat Ngwathe se stadsraad vroeër vanjaar 'n begroting met 'n verwagte begrotingstekort goedgekeur het, moes die raad dit verlede Vrydag inderhaas aanpas om dit wettig te maak. "Die vorige besluit was onwettig omdat 'n munisipaliteit nie vir 'n tekort mag begroot nie, en was boonop gebaseer op onrealisties hoë verwagte inkomste, en die DA het daarteen gestem," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, DA-segsmen oor munisipale finansies. Meer nog, die DA het destyds daarop aangedring dat sy individuele teenstemme formeel genotuleer word, 'n sterk vorm van afkeuring. "Desnieteenstaande het die ANC-meerderheid die begroting goedgekeur. Die Munisipale Bestuurder, Mnr Bruce Kannemeyer (wat ook die hoofrekenpligtige amptenaar is) het die raad nie toe gewaarsku die begroting is wetlik ontoelaatbaar nie, soos hy volgens reg moes doen nie."

Die Nasionale Tesourie het nou die Munisipale Bestuurder in 'n brief daarvoor skerp tereggewys: "Your failure to comply with the Municipal Finance Management Act is not only disappointing but can have adverse consequences for your municipality if left uncorrected." Die Tesourie het vereis dat Ngwathe die begroting dadelik moes hersien sodat beplande uitgawes deur verwagte inkomste gedek word.

Gevolglik moes 'n dringende raadsvergadering verlede Vrydag wysigings aanbring om die begroting te laat klop. Die wysigings is deur alle partye gesteun. Maar Rdl Phillip van der Merwe (VF+) het gevra vir meer. Hy het met syfers bewys dat Ngwathe se geldsake steeds aanhou verswak. "In die eerste finansiële kwartaal (1 Julie tot 30 September 2019) het krediteure met R142m gestyg, en Ngwathe se totale skuld las beloop nou R1,363 miljard." Raadslid van der Merwe het daarop aangedring dat die raad 'n spesiale opdrag gee aan die Finanskomitee om die groeiende krediteure, Eskom se skuld ingesluit, noukeurig en dringend te ondersoek, "al moet ons dae lank voltyds met amptenare vergader." 'n Reddingsplan, waarin raadslede direkte inspraak moet hê, moet hieruit geformuleer word.

Die DA was dit met hom eens. "Ngwathe benodig dringend 'n nuwe herstelplan, om verkwisting te verminder en inkomste te verhoog," het Arnold Schoonwinkel gesê. DA-raadslid Jaco la Cock het verwys na waterprobleme, wat gereeld in veral Parys die afgelope twee maande voorkom. "Amptenare regdeur Ngwathe lig die publiek en raadslede nie in oor probleme nie, of praat bont oor die oorsake en oplossings." Hy het gewaarsku dat Parysenaars begin dreig om hul dienstegeld te weerhou. Hy het dit bepleit dat die munisipaliteit plaaslike professionele persone in sy gebied raadpleeg oor sy tegniese probleme. "In Ngwathe beskik ons oor talle vakkundiges wat hul advies gratis sal aanbied, net om die munisipaliteit te help red," het hy bygevoeg.

Raadslid van der Merwe het daarop gewys dat meeste dorpe in die munisipale gebied tans sukkel met waterprobleme. "Die hele gebied se waterdienste moet dringend ondersoek en en op standaard gebring word en 'n taakspan behoort ook vir hierdie doel aangesetel te word".

Burgemeester Joey Mochela en ANC-hoofswep Philemon Ndayi het die finansiële ondersoek gesteun, en dit is daarna eenparig,

saam met die begrotingswysigings, deur die raad aanvaar.

Rdl Mochela het aangekondig dat die Finanskomitee in sy ondersoek bygestaan sal word deur die Begrotingsoorsigkomitee.

Sy het reeds aangedui dat Raadslede Phillip van der Merwe (VF+) en Arnold Schoonwinkel (DA) die opposisiepartyte op die vergrote komitee sal verteenwoordig. Sy sou vandeeweek die ander lede van die

komitee aanwys. Sy sou ook 'n spesiale taakspan van raadslede en amptenare aanstel om Ngwathe se waterkwessies aan te spreek.

Die stof het nou gaan lê



Na 'n paar buie reën is daar opnuut 'n nuwe atmosfeer en lewe in ons geweste. Oral in die omliggende omgewing sien ons 'n gewerkskap ter voorbereiding van die plantseisoen wat reeds laat in hierdie jaar in strek. Kunsmissie vrugmotors en werktuie oppad na plase versper soms die pad oos van Heilbron, maar ons aanvaar dit met 'n gelate hart, want dit het gereën! Mag dit van hieraan voort 'n voorspoedige seisoen vir ons boere wees!

ULTIMO AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron

VEILINGS DATUMS

SATERDAG
23 November om 11:00

SATERDAG
7 Desember om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
Implemente inskrywings is ook baie welkom.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9600
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2311
E-pos: frankfort@bkb.co.za
Reg. No. 2005/028173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

BKB LOUID

SHE is in the darkroom Ladies Conference

• Irma Brink

God se ongelooflike liefde, genade en goedgunstigheid is vir elke mens en elke vrou beskore. Dit was die boodskap op die #sheinthedarkroom, negende Vrouekamp by die Three Rivers Conference Centre in Vereeniging oor die naweek van 1 tot 3 November aangebied deur die Petrus Steyn Fellowship, in samewerking met die Fellowships in Drie Riviere, Vanderbijlpark, op Frankfort, Heilbron en Harrismith. Die eerste vrouekamp van hierdie soort is 2014 aangebied en deur 42 vroue bygewoon. Die bywoning het intussen gegroei tot ongeveer 170 en vroue het van so ver as Pretoria en Bloemfontein gekom om dit by te woon.

Die tema van die kamp is hoofsaaklik ondersteun deur die geskiedenis Hosea in die Bybel. Hosea het die onwaarskynlike opdrag van die Here gekry om met 'n losbandige vrou, Gomer, te trou. Gomer het Hosea telkens teleurgestel deur na die markplein, waar 'n skynbare blink en opwindende lewe vir haar gewink het, terug te keer. Hosea het haar keer op keer terug verwelkom en ten einde laaste teruggekoop toe sy as slaaf verkoop is. Hosea se liefde vir Gomer is die vergestaltung van God se liefde vir ons. Dit verdra alles, hoop en vergewe alles. By God is 'n mens altyd welkom, maak nie saak hoe donker jou lewe is nie. Vanuit die donkerkamer van die lewe, kan mens ontwikkel tot 'n pragtige kleurfoto wat Jesus se liefde uitstraal.

Samekomste tydens die kamp het lofprysing deur sang, boodskappe van fasiliteerders en evangeliste, gebede, getuïenisse van vroue wat hulle in die "donkerkamer"



bevind het en nogtans Jesus se lig kon uitstraal, behels. Vrouens kon ook geestelike berading kry en daar is vir hulle en hulle gesinne en families in persoon gebid. 'n Lekker plakprojek met foto's het vir ontspanning gesorg. Daar is ook heerlik geëet en saamgekuier en gesels in 'n wonderlike atmosfeer van liefde vir mekaar.

Vrouens kon Sondag die kamp verlaat en voel dat daardie moedelose of leë gevoel, wat almal soms ondervind, net deur die Here gevul kan word. Hulle is toegerus om hulle werk in die Here se liefde te doen en hulle gesinne en families te versorg. Hosea 10:12: "Saai volgens My wil en julle sal My liefde oes."



Genade-vrag vertrek na Bloemfontein *Bokse vol genade uit harte vol begrip*

Só kan Heilbron se betrokkenheid by die Boks-vir-'n-Boervrouprojek (BBV) in kort opgesom word.

Die BBV-projek is aanvanklik deur die VVL in Wellington begin toe dié organisasie bokse vol bederfies vir boervroue in droogtegeteisterde gebiede gepak en gestuur het. Dié gebaar het soos 'n veldbrand op sosiale media versprei en vinnig-vinnig het al meer dorpe reg oor die land ook by die projek betrokke geraak.

"Toe ons aanvanklik daaraan gedink het om die Heilbronniers ook te betrek, het ons in ons wildste drome nie kon dink dat ons 150 bokse vanuit ons gemeenskap sou kon in nie," het Elza Kriel, een van die organiseerders gesê. Sy en Dinkie van Rooyen het Maandag, 11 November, die bokse na 'n afsetgebied in Bloemfontein geneem. Vandaar word dit verder na die Karoo en ander droogtegeteisterde gebiede versprei.

"Jy weet, hier het mense produkte en bydraes gebring en dan weet jy daardie persoon het dit eintlik self ook nie breed nie. Maar ek dink omdat ons mense self weet hoe dit voel om swaar te kry, gee jy wat jy kan om só verligting te help bring," het Riaan en Marlene Agenbag van Hartklop vertel. Hartklop was een van die afgeepunte in Heilbron waar bokse of bydraes vir bokse afgegee kon word.

"Dit is net wonderlik," het Wendy Roos, organiseerder vertel. "Ek bid so die Here se seën oor elke pakkie. Dat elke pakkie sal kom waar hy nodig is. En dat elke persoon wat sy of haar hart oopgemaak het God se seën ryklik sal ontvang," het sy bygevoeg. Wendy het die projek vanuit die NGK-Suidgemeente bestuur en haar salon, Salon Geogy, was ook 'n afgeepunt in die dorp.

Harte vol opregte dank aan:

- al die raakvatters wat gehelp het met die organisasie van die projek - Wendy Roos en haar span van Salon Geody, Marlene Agenbag van Hartklop, die Amana-omgeegroep vir weduwees en wewenaars

- die vervoerspan wat die bokse na Bloemfontein geneem het; die skenker van



die brandstof; die eienaar wat die voertuig beskikbaar gestel het

- elke persoon wat 'n bydrae gelewer het - hoe groot of gering dit ookal mag wees. Dankie dat jy jou hart oopgemaak het vir sussies en boeties in Christus wat ons omgeeharte nou nodiger as ooit het.

Wat 'n fees om deel van ons gemeenskap te kan wees!

Op foto links: NIE PLEK VIR 'n MUIS - Om 150 bederfbokse in 'n enkele voertuig te laai, verg deeglike meet en pas. Bo, van links: Marlene Agenbag en Elza Kriel. Dinkie van Rooyen en Elza. Onder, van links: Ellen Marais, Elza en Wendy Roos.

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegtydig om teleurstelling te voorkom. Fabriek open DV 8 Januarie 2020.

Die winkel sluit die 19de Desember 2019 en open die 6de Januarie 2020.

Ons Kerskoerant is die 13de Desember 2019.

Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of kantoore by 058 852 3033.



VKB sê dankie vir jare se diens

Elke maatskappy of besigheid het 'n belegging in sy personeel en dit is ook juis waarom daar erkenning gegee word as hulle vir jare lojaal is teenoor die besigheid.

VKB het vir die mense dankie gesê tydens 'n glansgeleentheid by Siesta gastehuis naby Frankfort verlede Woensdag.

Mnr Francois Sieberhagen, Uitvoerende Hoof van Menslike Hulpbronne het personeel vereer en ook in Sotho toegesprek.



Op die foto bo personeel wat vir 30 jaar al by VKB werk agter vl: Lydia Jordaan, Toppie Jonker. Voor vl: Elijah Mojaki, Ronel van der Walt en Simon Mputhi.



Op die foto bo personeel wat vir 20 jaar al by VKB werk. Agter vl: Matthews Mashinini, Fana Khumalo, Adolf Botha, Markus Mittermaier, Gerhard Mostert. Voor vl: Simon Mokhatla, Abram Motaung, Louisa Volschenk en David Msimanga.



Die drie personelede wat al vir 25 jaar by VKB werk is vl: Frank Khumalo, Elna Bezuidenhout en Johannes Motsoetla.



Die drie personelede wat al vir 35 jaar by VKB werk is vl: Adam Sebolane, Joyce Tshabalala en Solomon Mazibuko.

Hoe om langer jonk te bly



Op die foto is Retha de Winnaar, matrone by Huis Bron van Heil en tannie Lettie Scheepers - ons verjaarsdaglid van die maand. Matrone de Winnaar was die gas by Heilbron Dienssentrum op 12 November 2019. Sy het vertel hoe om langer jonk te bly deur veral leefstyl-aanpassings. Dit was alles baie interessant en het 'n hele paar van die lede laat skuldig voel. 'n Mens verval só maklik onwetend in 'n onaktiewe en ongesonde leefstyl. Volgende week het hulle hulle jaarlikse Donateursteek om dankie te sê vir die vriende van die Dienssentrum.

Het jy geweet?...

Wat sal gebeur as iemand net vleis eet en niks anders nie?

Nie veel nie - ten minste nie op kort termyn nie. In 'n studie van 1928 het twee mans slegs vleis vir 'n jaar lank geëet onder die toesig van mediese navorsers in

New York. Aan die einde van die jaar het die mans "geen spesifieke fisieke veranderinge in enige liggaamstelsel getoon nie". Aanhangers van 'n vleisetende dieet beweer dat dit jou laat gewig verloor en die spysverteringstelsel verbeter. Maar met soveel bewyse van plantkos teen kanker-effekte, is dit jou eie mening of 'n vleis-alleen dieet op die langtermyn eintlik só gesond is.

Kersmark 29 & 30 November 2019

"Spring clean" daai huis en motorhuis

Dis weer daardie tyd van die jaar wat almal inspring en huis skoonmaak. Items word uitgegooi - soms nog splinternuut. Nou waarom dan nie 'n paar rand daaruit maak nie? Moet dit nie op die ashoop gooi nie. Kry 'n tafel by ons Kersmark en kom verkoop daai wit oilfante van jou. Dit kan dalk 'n vakansieprojek vir jou verveelde kinders wees. Laat hulle help skoonmaak en alles wat hulle op die Kersmark verkoop, kan hulle geld wees om Kersgeskenkies mee te koop.

Ken jy iemand of weet jy van iemand wat oulike handgemaakte produkte het om te verkoop? Whatsapp asb hulle tel nommer vir Magda van der Merwe by 083 624 9448. Sy sal hulle dan kontak.

Waar is die Kersmark?

Die kersmark gaan in die tuin van NG Kerk Heilbron-Suid wees. Daar is ook beperkte ruimte vir uitstallers in die kerksaal.

GESOEK

Iemand wat uit die goedheid van sy hart vir ons tydens die twee dae kan musiek maak.

WIE KONTAK EK?

Die skenk van kleinkoekies of help bak:
Wilmien Naudé - 066 231 5313
Enkel-verkoping:
Dawn Wessels - 082 487 1162

KOSTE VAN 'N STALLETTJIE

- R100 vir 'n staanplek in die tuin of R200 vir 'n staanplek in die kerksaal.

KLEINKOEKIES

Ons kerk gaan kleinkoekies by die Kersmark verkoop. Ons vra asb of daar flukse dames is wat sal kom help bak en brou. Of as jy asseblief 'n kilogram of twee se koekies wil skenk, sal ons baie dankbaar wees.

TAFELS EN STOELE TE HUUR

Nie lus om tafels en stoele aan te ry nie? Uitstallers kan tafels en stoele huur by die kerk vir hulle stalletjie. 'n Tafel kan gehuur word teen R20 en 'n stoel teen R10.

KERSINKOPIES

Al het jy self niks om te verkoop nie, gaan hierdie die ideale geleentheid wees om jou kersinkopies te kom doen. Daar gaan iets wees vir elke lid van die gesin - selfs vir die hond en die kat.

DEMONSTRASIES

Kom maak saam kersgeskenkies vir jou vriendinne en vriende. Jolande gaan jou leer om jou eie kerskoekies met glans versiersuiker te versier. Elza gaan jou leer om 'n macramé sleutelhanger te maak.

UITSTALLERS

Mens soek altyd 'n geleentheid om van daardie handgemaakte artikels ontslae te raak. Kom huur 'n stalletjie by die Kersmark en verkoop daardie tuisgemaakte seep/bedsokkies/kerse/popokkies ens. Indien jy nie genoeg artikels het om jou eie stalletjie te hê nie, kan jy onder die enkel-artikels verkoop by die kerk se stalletjie. Die kerk neem dan 10% van die koopprys.

DIE KOPDOKTERS

Toe ek my vriendin iewers deur die dag bel, is sy nie op kantoor nie. Sy antwoord haar selfoon, en sê dat sy by die dokter is.

EK BEGIN SO EWE FLUIS-TER, EN VRA OF SY DAREM GAAN OORLEEF?

Sy lag klokhelder in my ore. "Ek is by die kopdokter - ek laat my hare sny!"

Hierdie is 'n ode aan haarkappers. Want nie almal waardeer hulle na waarde nie.

So trek ek toe na die Ooste van die Vrystaat. My eerste "regte" werk. Natuurlik moet ek 'n blyplek kry, die regte dokter, 'n apteker. En 'n paar weke daarna moes ek 'n haarkapper gaan soek.

Ek het vier verskillende haarstyle gehad totdat ek by die regte haarkapper uitgekom het. Dit was belangrik dat sy haar werk goed moes kon doen, maar ook dat sy my aweregse humorsin moes verstaan. Dat sy soms moet gesels en op die regte tye moes stilbly.

Ek het vir vier jaar my haredos aan haar toevertrou totdat ek een oggend die boodskap kry dat sy 'n beroerteaanval gehad het. Sy sou nie meer haar ambag kon verrig nie.

Iemand verwys my na, kom ons noem haar, Ina. (Soos daar in Engels gesê word: The names of people and places were changed to protect the innocent.)

Ek kon dadelik met haar gesels. Ek dink haarkappers, soos tandartse, doen spesiale kursusse in kommunikasie. Haarkappers word geleer om onderhoudend te gesels oor enige onderwerp. En as hulle nie meer verder kan gesels nie, vra hulle die regte vrae om die klient aan die gesels te kry. Tandartse se kursusse leer hulle om binnesmondse taal te ontsyfer.

Dit laat my dink aan die vrou wat by die tandarts was. Sy sê toe: "Oe, dokter, daar is twee professionele mense by wie ek ongemaklik voel."

DIE TANDARTS VRA NA WIE SY VERWYS.

"'n Tandarts en 'n ginekoloog," laat sy selfvoldaan hoor.

"Jufroukje, dan moet jy besluit waar jy nou is, want ek moet die stoel stel."

Iedereval: ek en Ina het jare se gesprekke gevoel. Wanneer ek by haar gaan sit het, was die vraag wat presies sy vandag met my hare moet doen?

"Net wat jy wil. Ek hou nie van blou hare nie. Onthou: ek is jou advertensie."

Onder Ina se hande was my hare verskeie skakerings van bruin, met of sonder verskillende skakerings van sonstrepies.

Wanneer ek nie tyd (of soms geld) gehad het om my hare te gaan kleur nie, het ek sommer na die bokskleur gegryp. Die meeste van die tyd het dit goeie gevolge gehad.

Ina sou 'n haarstring optel en snork: "Al weer 'n boks."

Later van tyd het ek dit sommer uitgeblaker wanneer ek op die groot, swart stoel gaan sit. "Ja, ja, ek weet, dit was die boks."



Daar is dit nou. Uit in die ope.

EK HET INA MET MY HAREDOS VERTROU.

Eendag, so paar jaar gelede, besluit ek dat dit 'n goeie ding sou wees indien sy my hare "perm". "Permanente golwing" sê nie so lekker soos perm nie. Ons bespreek dit vooraf: my hare moet net 'n effense kinkel hê, nie krulle nie.

Sy draai my hare in en gooi die stink goeters oor die krullers. Ek gaan sit en lees totdat sy sê dat dit tyd is om alles te gaan afspoel.

Terwyl die lou water oor my krullers waterval, wonder ek of

Ina al ooit 'n flopharedos gehad het.

Die meisie wat my hare was, druk dit droog en begin die rollers uithaal. Sy roep vir Ina nader. Ina kyk, die meisie kyk, ek kan nie kyk nie.

Ek sien hoe hulle effens verkleur. Die meisie word aangesê om 'n handdoek te gaan warm maak en dit oor my kop te sit. Ek begin onraad vermoed.

Toe wys Ina my: wanneer sy die kruller losmaak, hou sy die krul in haar hand. Morsafgebreek. Ek vat een van die krulle wat sy vir my uithou en dit is elasties, amper soos 'n stuk bruin rek.

EK BEGIN LAG, WANT WAT SAL DIT HELP OM KWAAD TE WORD?

Ina knip woes, en probeer red wat daar te redde is. Vir nog drie haarsnye daarna het sy probeer red.

Ten spyte van my nare ondervinding, was Ina die beste haarkapper ooit. Ek het ná hierdie petalje weer en weer na haar toe teruggedaan. En elke liewe keer het sy my soos 'n prinses behandel, soos toe ek die eerste keer daar was.

Ek het, nadat ons na die grote stad toe getrek het, lank gesoek om weer 'n Ina te kry, ek weet nog nie of die jong dame wat nou na my kroon kyk, Ina se gelyke is nie. Ek weet nie of sy die regte kopdokter is nie.

Verlede week is ek weer kopdokter toe. Toe ek haar vra om my mooi te maak, sê sy: "Ek kan nie mense mooi maak wat alreeds mooi is nie." Terwyl ek sit en wag vir haar, stuur ek vir Ina 'n sms dat ek haar regtig mis. Want hierdie kopdokters is dun gesaai. Hulle is raar en moeilik bekombaar. Hulle is goedkoper as 'n sielkundige en stel opreg (al is dit net vir 15 minute) belang in jou doen en late. Hulle weet wanneer om te praat en wanneer om stil te bly. Hulle weet wanneer om ons te laat lag en wanneer om ons te los om te huil. Hulle kyk na enige vrou se beste bate, hulle hare.

ELKE HAARKAPPER WEET DAT ONS HULLE ADVERTENSIES IS, EN HULLE SIEN TOE DAT ONS GOED LYK AL VOEL ONS VOOS.

Dankie aan elke ridder met 'n sker en 'n kam, met perm lotion en haarkleurel, wat die hele dag lank op hulle voete staan om aan iemand anders se grille en giere te voldoen.

Saluut!

Heilbron
Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Diensentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening

Dinsdag
09:00 Bloeddrukke

Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg

Donderdag
10:00 Sosiale program

Vrydag
09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron Diensentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim

DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram
(Elke week iets anders)

WOENSDAE:
10:00 - Speletjies,
Jukskei ensovoorts.

Elke week iets anders.

DONDERDAE:
17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste tydens skoolvakansies



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYPDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYPDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.

Die rus ingegaan

† Alina Mofokeng is oorlede in die ouderdom van 73. Haar begrafnis vind plaas op 19 November 2019. Sy laat na haar familie en vriende.

† Barend Daniel Theodorus J van Rensburg is oorlede in die ouderdom van 86. 'n Privaat roudiens sal gehou word deur die familie. Hy laat na sy familie en vriende.

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Biddag vir Beskermingsdienste

Sondag: 09:30 Erediens

Sin Kol: Fonds vir Bearbeiding van Gevangenis

11:00 Kerkraadsvergadering

Teebeurt: D7, D8, P10, P1

18:30 Gesamentlike Kerssangdiens (Suid)

NG SUID

Biddag vir Beskermingsdienste

Sondag: 09:30 Erediens

Deurkol: ENGO / 18:30 Gesamentlike Kerssangdiens (Suid)

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens

Diensbeurte: Wyk 7 & 1

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug

Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sondag 10:00 Erediens (Nagmaal - Heilbron)

Deurkollekte Bybelverspreiding

VBO Toets / Liefdesmaal / Groep 3

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontaak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREK. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur

Woensdag: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,

Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdiente & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00

Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of

Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00

Biduur Dinsdae om 10:00 / Bybelstudie Donderdae om 10:00

Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets/

Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience

he proves that he believes).

GEKLASSIFISEERD

Smalls

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eenaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Celéste herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 15 Nov.	12 / 27	Sonnig, warm
Sa 16 Nov.	13 / 31	Sonnig, warm
So 17 Nov.	18 / 31	Sonnig, warm
Ma 18 Nov.	18 / 29	57% kans vir donderbuie
Di 19 Nov.	16 / 26	99% kans vir reën
Wo 20 Nov.	15 / 28	Warm
Do 21 Nov.	16 / 25	Sonnig
Vr 22 Nov.	16 / 26	Sonnig
Sa 23 Nov.	16 / 26	Sonnig
So 24 Nov.	16 / 26	Sonnig, warm
Ma 25 Nov.	16 / 26	46% kans vir donderbuie

KENNISGEWINGS

NOTICE

In the Magistrate's Court for the district of Reitz held at Reitz.
Case No: 340/2018
In the matter between:
ANDRIES HENDRIK DU PLESSIS
Execution Creditor

and

JC (KOOS) LE ROUX
Execution Debtor

Kindly take notice that in terms of a Judgment granted on 17 July 2019, in the Reitz Magistrate's Court and a Warrant of execution issued thereafter, a sale in execution of the under-mentioned goods will be held. The particulars of the sale/auction are as follows:
Date: 6 December 2019
Time: 11:00
Place: Sheriff's Office, 22 De Wet Street, Reitz

1. In terms of the Regulation 20(3) of the Consumer Protection Act 68 of 2006, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the office of the under-mentioned attorneys and the Sheriff.

2. This notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20(2)(b) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, and access to the latter regulation can be obtained on URL at: <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961>.

3. Prospective buyers are required to register before commencement of the auction. FICA legislation in respect of proof of identity and address particulars.

4. A registration fee of R500-00 in cash is payable before commencement of the auction. The R500-00 will be re-payable to unsuccessful bidders.

5. Name of auctioneer is WF Minnie.
6. Method of payment: Cash or electronic transfer directly after conclusion of the auction.
7. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

DESCRIPTION OF GOODS:
1 X RENAULT KANGOO - REG NO. FBY712FS
Signed and dated at Frankfort on this 17th day of October 2019.
CORNE BOSHOFF ATTORNEYS
12 CHURCH STREET, P.O BOX 595
FRANKFORT, 9830, TEL: 058 813 1068/75
FAX: 058 813 1128
E-Mail: info@clblaw.co.za
REF: CLB/mve/AD040
C/O DUPS GESKENKE
43 UNIEFEES STREET,
REITZ, 9810

TE HUUR

VAKANSIE- WOONSTEL TE HUUR

Drie slaapkamer / Twee badkamer woonstel te huur in Umdloti vanaf 03 Jan. 2020 - 10 Jan. 2020.
Skakel: 082 561 6370 of 012 942 1120

DB

HOU HEILBRON SKOON

HEILBRON ROLBAL- KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar. Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531

G

INENTINGS VIR HONDE TEEN HONDSVOLHEID (RABIES)

Inentings (Gratis)

19 NOVEMBER vanaf 08:00 tot 16:00

Heilbron Munisipale kantore Sandersville Community Centre

20 & 21 NOVEMBER vanaf 08:00 tot 16:00 Phiritona

ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoel geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

Die laaste uitgawe van die Heilbron Herald vir die jaar is Vrydag 13 Desember 2019 en die eerste uitgawe van die Heilbron Herald vir 2020 is DV Vrydag 10 Januarie 2020.

PROF ABBEY

Specialist in the following

- Marriage spells
- Financial problems
- Promotion at work
- Pregnancy problems
- Magic ring and wallet
- Bring back lost lover & bind your lover
- Court cases

Book an appointment before you come. Call or WhatsApp 071 087 8360

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

BLOEDSKENK HEILBRON PLEK:

N.G Kerksaal (Suid)
• 26 November



GiG Technologies Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!! From R299.00 p/m
Kerk Str. 44 Heilbron
072 847 4495
info@gigtechnologies.co.za
www.gigtechnologies.co.za 086 145 3007

SELF STORAGE HEILBRON

13 Eenhede beskikbaar. OPPERVLAKTES:

10vk meter tot 270 vk meter per eenheid.

KOSTE:

R25 /vk m tot R40 /vk m.

Skakel 084 580 0184

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes - 083 308 9159

BETREKING

SAN-JO'S KELNERPOSTE

Die volgende vereistes word verlang:

- Goeie menseverhoudings
- Energiek & netjiese voorkoms
- Moet lang ure & onder druk kan werk
- Tussen ouderdom van 18 & 35
- Moet naweke & vakansiedae kan werk
- Afrikaans- & Engelssprekend
- Eie vervoer
- Ondervinding sal voorkeur geniet

Sluitingsdatum vir CV's is 16 Nov 2019
Email: annaduplessis2003@yahoo.com

TE KOOP / GEVRA BABA EETSTOELTJIE

Op soek na baba eetstoeltjie.
Kontak Carien 058 8523 033/4/5 (k/u)

G

4	2	7	9					
							1	7
		5						
8			3		5	2		
3		9	7					
			8		1		4	
5		8		6				4
1						8		5
	6							

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

HOËRSKOOPE HEILBRON GIMNASIUM
WORD FIKS . LEEF STERK
R250 per maand
Ma-Sa 08:00-20:00
Kontak - 081 848 6301

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heilgerig aan die redakteur.

Graag wil ek, weereens, langs hierdie weg, my dank betuig, aan almal wat my dag só aangenaam, én wonderlik gemaak het, op die 9de November met my 90ste verjaarsdag, het nie genoeg woorde van dankie aan al die Mouton kinders, wat vir 'n groot verrassing gesorg het. Ek was stom "geslaan" en oorweldig, vir al hulle omgee. Hulle het alles só mooi gereël. Alles was pragtig, dankie vir nuttige geskenke, mooi blomme en pragtige groot ballonne, oral opgehang, as versierings. Dankie vir oop harte en hande! Ek kan nie vir Thea vergeet nie. Sy't gesorg vir lekker roomys vir middagete. Sy's nog altyd ook 'n staatsmaker met 'n oop hart.

Dankie aan die personeel en Sophie vir hulp en reëlings. Die personeel het ons vriendelik bedien, baie dankie. Ek sal nie die dag kan vergeet nie, al was my hart ook baie seer, met die afsterwe van my sus Anna die 30ste Oktober. Haar gelukwense was gemis. Baie dankie, julle almal word waardeer.

Here, ek dink somer 'n bietjie hardop ...

Ons het 'n moeë generasie geword!
Ons is moeg gewerk, moeg vir probleme, moeg vir mense.
Ons het veral moeg geword om alles altyd reg te doen. Om aanvaarbaar te wees, moet

ons suksesvol, begaafd en finansiële sterk wees met duidelike doelwitte.

Verder moet ons goeie ouers, lojale vriende, toegewyde familiemense en betrokke gemeenskapswerkers wees. Vandag wil ek sommer net by U kom rus. En vra dat U my die regte prioriteite sal wys. Sal U my help onderskei tussen die dinge wat regtig saak maak en die dinge wat die wêreld ons probeer voorskryf? Ja, help my om te weet wat vir U belangrik is ...

Maak "huis skoon" met my, Here.
Verwyder die selfopgelegde eise in my oorvol lewe en leer my om sommer net U kind te wees, en U liefde ervaar, en U omgee. In U naam vra ek dit.
Bron onbekend.

Ek lê jou vandag voor God neer
Hy ken jou naam, jou lag, jou seer
Hy hou jou vas, wil vertroos
Teen Sy bors druk en liefkoos ...
Hy ken omstandighede, wat jou pla
Hy hou jou hand, Hy wil jou dra
Hy neem elke las, kommer en vrees
Ek bid vandag dat jy Sy Gees ervaar
Dat jy staande sal bly, Hy is daar
Moenie kyk na die berg voor jou
Moenie dat versoekings jou onder kry
Jy is 'n Koningskind, geroep by die naam
Hy het jou lief, elke tree stap Hy saam
Jou hand in Syne, Hy sal nooit laat los nie.
Bron onbekend.

Terugblik



Heilbron Herald, 16 Maart 2007

VLEISWERK OP GROOT SKAAL: Dinsdag het NG Moederkerk se ywerige lidmate sosaties gemaak. Die sjaal was deurtrek van 'n aangename kerriereuk. Al die Heilbronniers behoort dit te geniet as hulle Saterdag, 17 Maart tydens die basaar die sosaties gaan beproef.

Eerste wit olifanttafel



Op die foto: Eerste Vlooiemark gehou in Heilbron langs die Old Mutual gebou in Breëstraat deur die OVV. Op die tafel is verskeie wit olifante wat binne 'n uur verkoop was - S. Dippenaar, I. Els, A. du Preez, R. Myburgh, E. Muller.

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30 | Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...



Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

heraldgraphics2@heilbron.co.za **Heilbron Herald** 058 852 3033

PERSONALISED SCHOOL LABELS

Choose your theme and we print your school labels with your name on it!

Starter Label Pack

95x Stickers - R200 (Including VAT)

- 25x Colour Book Labels (50x70mm)
- 40x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 20x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
- 10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 2x Bag Tag with Keyring (80x50mm)
- 1x Permanent Marker

Mini Label Pack

50x Stickers - R100 (Including VAT)

- 10x Colour Book Labels (50x70mm)
- 25x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 5x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
- 10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 1x Bag Tag with Keyring (80x50mm)
- 1x Permanent Marker

Super Label Pack

150x Stickers - R250 (Including VAT)

- 40x Colour Book Labels (50x70mm)
- 60x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 30x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
- 20x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 4x Bag Tag with Keyring (80x50mm)
- 1x Permanent Marker

19H00 | 13 DES 2019
NG KERK GEBOU
FRANKFORT
met
**JANNIE MOOLMAN
CORLEA BOTHA**

Kerssangdiens


Spesiale Interkerklike Kerssangdiens en Bemoedigingsboodskap word gebring aan die gemeenskap.

Prediker ds. Melissa van Biljon
Orrelis Adv. Chris Erasmus

Almal is welkom.

Enige vrywillige kollekte sal aangewend word vir behoeftige gesinne in die plaaslike gemeenskap.

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of kantoore by 058 852 3033.



Elsstraat 44
Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033

Vrystaatjagtersvereniging jaarvergadering en prysuitdeling



Die Riemland Vrystaatjagtersvereniging Heilbrontak het Vrydag, 8 November hulle jaarlikse jaarvergadering en prysuitdeling gehad te Donsveertjie gasteplaas.

'n Verwelkoming en opening is gedoen aan 46 van die tak se lede wat die vergadering bygewoon het.

By die vergadering is bespreek dat lede 90 dae voor geweerlisensies verval, dit reeds moet hernu. Lede moet onthou om toegewyde status/CHASA beëdigde verklarings in te gee teen die laaste 25 November by Pierre Erasmus indien jy nie drie skietdae deur die loop van die jaar bygewoon het nie.

Die nuwe bestuur is verkies vir 2020 en is as volg:

Voorsitter:

Pierre Erasmus - 083 707 0819

Ondervoorsitter:

Japie Steyn - 082 770 5705

Tesourier/Sekretaresse:

Ericka Erasmus - 083 707 0779

Addisionele lede: Edward Muller, Hennie Viviers, Bennie Roets en Alwyn Swart.

Onderskeie toekennings is gemaak en die fotokompetisie is goed verteenwoordig.

Veelsydigste skut van die jaar is Arnold Engelbrecht wat die bekere vir Haelgeweer, Jaggeweër, Chasa sportskiet .22 en Chasa sportskiet jaggeweër gewen het. Die familie is 'n uitsonderlike span nadat sy vrou, Liezel Engelbrecht, as damesskut van die jaar aangewys is en die jonge heer Gerhard Engelbrecht as kuikenskut. Chanelle Engelbrecht het die trofee vir jeugdagskiet en groeperingskiet ontvang.

Junior lid van die jaar word aan Christiaan Muller toegeken.

Nog uitsonderlike prestasies is Jos Deysel

wat die beker vir .22 geweer ontvang het en Hennie Viviers - Handwapen.

Hennie Fourie oorhandig dan ook Chasa balkies aan die volgende persone:

Braam van Zyl - Silwer en Wybrandt du Toit - Goud.

Die Trofeemeet-kompetisie is gewen deur Jan Snyman.

Na al die verrigtinge is heerlik om die braaivleisvure gekuier.

Ledegeld vir 2020 is betaalbaar voor 31 Desember 2019.

Hiermee doen die Jagtersvereniging dan ook 'n beroep aan alle lede om volgende jaar asb. meer gereeld die skietoefeninge by te woon.

Op die foto regs: Lid van die jaar Pierre Erasmus oorhandig deur Ericka Erasmus.



Op die foto bo Pierre Erasmus en Ronel Snyman, wenner van foto-kompetisie.



Trofeemeet-kompetisie Jan Snyman deur Hennie Fourie oorhandig.



Op die foto bo ontvang Arnold Engelbrecht die beker vir die jaggeweër by Ericka Erasmus.

Suksesvolle Rolbal borgdag

Saterdag het alle rolballe weer hier by Heilbron Rolbalklub geëindig met die aanbieding van die eerste borgdag van die nuwe seisoen.

Vir die bestuur van die klub was dit 'n voorreg om die seisoen te begin met 'n vol baan van 56 spelers, spanne van Frankfort, Kroonstad, Senekal, Koppies, Heidelberg, Reitz, Vredetor en Vereeniging het kom deelneem tesame met 2 spanne van Heilbron.

Die eerste twee wedstryde van die oggend het goeie rolbal opgelewer en mededinging tussen die spanne was amper net so spannend soos die Wêldbekerrugby, die derde wedstryd na ete is vroeg beëindig deur 'n welkome reën bui en die res van die wedstryd

is in die klubhuis "afgehandel"...

Die dag sou nie moontlik wees sonder bydraes deur die klublede, asook bydraes van Pakworks, OK Grocer en Telwiedré nie.

Wenners van die dag was Kroonstad Rolbalklub se Charl en Erika Sieberhagen, De Wet Steenkamp en Linda van Caspel.

Linda van Caspel is ook weer gekies om deel te neem aan die Meesterstoernooi wat gedurende Februarie by Wingatepark in Pretoria plaasvind, weereens 'n kompliment vir Valsrivier en NVS Rolbal Vereeniging.

Met die feesseisoen wat oppad is, is die dames reeds besig met beplanning van die jaarlikse Kersete.



Dylan "de Villiers"?

• Pieter Baan

Heilbron teken 174 lopies vir 8 paaltjies aan teen Sharpeville voor reën die wedstryd stop.

Dylan Winkler was ons man van die wedstryd met uitstekende 69 lopies. Baie geluk.

Lopies is ook gemaak deur; Pieter Baan (26), Kamran Arshad (22) en Geo Davel (17).

Volgende wedstryd teen Vanderbijlpark is Saterdag en begin 13:00 by Hoërskool Heilbron se veld.

Alle toeskouers is welkom. Kom ondersteun ons gerus.



Op die foto vl: Erika, Charl, De Wet en Linda.

Prestigedag saam met Michael

Jaarvergadering 20 November

Môre word die jaarlikse Prestigedag van Heilbron Gholfklub aangebied met Michael Scholtz, bekende professionele gholf en "trickshot" spesialis. Die veld gaan om 11:15 afgestuur word met die gebruiklike "Shotgun start" en spelers moet reeds teen 10:30 aanmeld.

Na afloop van die spel gaan Michael vir die deelnemers wys hoe daar getoor word met golfballe en ook sal hy sy kettie reg hê vir die wat hom wil skiet op die kort putjie nr 4.

Die aand se verrigtinge word afgesluit met tradisionele skaapbraai en prysuitdeling.

Daar is nog plek vir die wat graag wil speel, sowat 44 spelers is reeds ingeskryf vir die dag.

Woensdag is dit ook die klub se jaarvergadering en is die voorlopige agenda op by die klub. Vir lede wat besprekingspunte wil aanbring kan gerus met die bestuurder skakel. Die vergadering sal om 18:00 vir 18:30 in aanvang neem. Daar word 'n beroep op lede gedoen om die vergadering by te woon. Die nuwe bestuur vir 2020 moet ook gekies word en nuwe tariewe vir ledegelde is ook op die agenda.

Saterdag se *mug* het uitgereën en word dit nou die 29ste gespeel. Julyan Bruyns en John Watson wen vir Leonard Strydom en Niklaas van der Walt in die putjiespel en is hulle nou die voorlopers. Spelers moet hulle uitspeel bepalings so spoedig moontlik afhandel.

Bly kalm en speel pluimbal



Saterdag het sewe Heilbronners aan die pluimbaldag op Vanderbijlpark gaan deelneem. Die kompetisie was straf en Heilbron ding saam met Vrystaat A, Vrystaat B, Sedibeng A, Sedibeng B en Eastenders A in die A-groep mee. Na 'n lang dag se swoeg en sweet en 50 wedstryde later, eindig die Heilbronners vyfde in hul groep. Op die foto, agter van links, is: Burger en Annari Combrink. Middel, van links, is: Wynand en Sanet de Plessis, Santi du Toit, Rizette Greeff en Dries Bester. Voor, van links, staan die span se grootste ondersteuners: Elzeri Combrink en Chrizzette Greeff.

Heilbron Herald

Wens jou kliënte 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2020 toe met ons **spesiale Kerskoerant uitgawe op 13 Desember**

Stel jou kliënte in kennis van besigheidsure en/of sluitingsdatums oor die feesgety

Besprekings sluit 6 Desember

Kontak:

- Wynand - R 2258
- Hoffmeyer - R 3328
- Annari - R 1884
- 100% Team - R 1064
- 100% Team - R 583
- 100% Team - R 411
- 100% Team - R 218

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.wissentraal.co.za



J.J. Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Tel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



BKB Louwid NOORD
Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilings

DINSDAG - 19 NOVEMBER 2019

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 20 NOVEMBER 2019

POTCHEFSTROOM - RYSMIERBULT: REALGROW AGRI
430 Pk. Schultz Bonamara, skape (Danner, Dohne Merino, de de France, Meatmaster), Boerbokke, skilderbokke en appelpokke. Eiendomme, plaasimplimente en -toerusting.
11:00, Katdoornbosch, Potchefstroom
Kontak Rudy Nagel 082 905 6066

DONDERDAG - 21 NOVEMBER 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco 079 493 9755

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schaak Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 22 NOVEMBER 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026171/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbLouwid.co.za

